

Maandag 2 Maart

Skrifgedeelte: Lukas 1:5-20

Fokusgedeelte: Lukas 1:19, 20

'n Brandende hart wil juig en getuig!

Martin Luther het graag na die evangelie verwys as “*die blye tyding, goeie nuus, 'n boodskap wat jou laat jubel, juig en getuig*”. En dit is presies wat die evangelie aan 'n gelowige hart doen. 'n Mens wat die heerlike beloftes van die Here in geloof omhels, kan nie anders as om dit met ander te deel nie.

Die probleem was net: Sagaria kon nie! Hy was stom. Die Here het sy mond gesluit omdat hy getwyfel het. Stel jou net voor hoe groot hierdie priester se frustrasie was. Hy ontvang die beste nuus ooit, sy hart brand van begeerte om dit met almal te deel. Hy wil praat, hy wil sing en juig, hy wil uitroep en getuig, maar hy kan nie! Hy wil aan die gemeente en wêreld uitbasuin dat hy in sy ouderdom pa gaan word, dat sy seun Johannes die wegbereider van die Messias-Koning sal wees, dat die lang verwagte Verlosser binnekort gebore sal word. Maar helaas, daar kom nie 'n woord oor sy lippe nie.

Lukas deel met ons die verhaal van Sagaria se ongeloof sodat ek en jy versterk kan word in ons eie geloof. Dat ons geïnspireer sal word om met gloeiende harte te vertel van die goeie nuus van God se genadige ingryping in hierdie wêreld deur sy Seun, ons Verlosser.

Ons deel in die vreugde van Sagaria, meer nog, ons deel in al die beloftes wat God gedurig deur sy Heilige Gees in ons aanwakker. Die verskil is net, ons is nie stom nie. Ons kan dit, nee, ons moet dit met die wêreld deel. Ons moet jubel en juig en van God se goedheid getuig!

Hoe dan anders? 'n Brandende hart wat vol is van God se beloftes, sal dit doen.

Sing: Psalm 45-1:1, 16

Ds. CJ Nagel (Innes) (Louis Trichardt)